# IETS NUUTS VIR DIE BADKAMER

## GEHEKELDE TOILETSTEL

**BENODIGDHEDE:** *1,5 bolle Dolphin Nr. 5; 'n klein hoeveelheid van 'n kontraskleur; hekelpen van 2,50 mm.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; st(e) - steek(steke); gs - glipsteek; sp(s) - spasie (spasies); gp(e) - groep(groepe); sluit-gs - glipsteek om rondte te sluit; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; herh - herhaal; vlg - volgende; kb - kortbeen.*

### AANWYSINGS

**Dekseloortreksel: Beginrondte:** 8 ks, gs om ring te vorm.
**1e rondte:** 20 lb in ring.
**2e rondte:** 3 ks, 1 lb in dieselfde st as ks,2 ks, (slaan 1 lb oor, 2 lb in vlg lb, 2 ks) herh rondom, sluit-gs.
**3e rondte:** 3 ks, 2 lb in vlg lb, 2 ks, 3 lb in vlg 2-lb-gp; herh rondom.
**4e en daaropvlg rondtes:** Hekel só voort, vermeer 1 kb in middel van elke lb-gp tot daar 14 lb in elkeen is.
**Verdelingsrondte:** 7 lb, 2 ks, 7 lb, 2 ks rondom.
**Vlg rondte:** * 7 lb, (2 ks, 1 lb, 2 ks, 1 lb) in 2-ks-sp, 2 ks, 7 lb *; herh rondom.
**Vlg rondte:** * 7 lb, 2 ks, 1 lb op lb, (1 lb, 2 ks, 1 lb), in sp, 2 ks, 7 lb, 2 ks, 1 lb op lb, 2 ks, 7 lb *; herh rondom.

Hou aan met vermeer deur (1 lb, 2 ks, 1 lb) in elke **middelste** 2-ks-sp te hekel tot gp van 8 lb, (1 lb, 2 ks, 1 lb), 8 lb, gehekel word.

Hekel nou 1 lb, 1 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg lb, rondom.

Hekel só 9 panele, draai.

**Vlg ry:** 1 lb op lb, 1 ks, 1 lb op lb, tot einde van ry, draai.

Hekel 7 rye op dié manier, vermin eweredig gespasieer in 4e en 7e rondte.

**Omranding:** Heg kontraskleur vas en hekel 4 lb in 2-ks-sp, slaan 2 ste oor, 1 kb in vlg lb; herh rondom.

Hekel blomme soos uiteengesit ná aanwysings vir toiletroloortreksel.

Hekel 'n ketting, ryg dit deur laaste gaatjiesry en bind vas.




### AANWYSINGS

**Roloortreksel: Beginrondte:** 6 ks, gs om ring te vorm.
**1e rondte:** 12 lb in ring.
**2e rondte:** 2 lb in elke lb.
**3e rondte:** * 2 lb in 1e lb, 1 lb in vlg 2 lb *; herh rondom.
**4e rondte:** * 2 lb in 1e lb, 1 lb in vlg 3 lb *; herh rondom.
**5e en 6e rondte:** Soos 4e rondte.
**Vanaf 7e rondte:** 1 lb op elke lb tot verlangde lengte verkry is.

**Hoedrand: 1e ry:** 1 lb, 2 ks, 1 lb in 1e lb, slaan 1 lb oor, herh rondom.
**2e ry:** 1 lb, 2 ks, 1 lb in 1e sp, herh rondom.
**3e ry:** * 1 lb, 2 ks, 1 lb in 1e 4 sps, 1 lb, 2 ks, 1 lb in steek tussen 2 sps *; herh rondom (= vermeer-ry).

Herh hierdie ry nog 3 keer.

Herh dan 2e ry nog 2 keer.

**Skulprand:** * 1 kb, 1 hlb, 1 lb, 1 hlb, 1 kb in sp, 1 kb tussen vlg 2 lb *; herh rondom.

**Groot blom: Beginrondte:** 4 ks, gs om ring te vorm.
**1e rondte:** 1 ks, 17 kb in ring, sluit-gs.
**2e rondte:** 3 ks, * slaan 1 kb oor, 1 lb, 1 ks *; herh nog 7 keer; sluit-gs in 2e van 3 ks.
**3e rondte:** 1 ks; (3 lb, 1 kb) in sp om 'n blomblaartjie te vorm, * (1 kb, 3 lb, 1 kb) in vlg ks-sp, herh om 9 blomblare te vorm.

Heg laaste st van laaste blomblaar aan 1e st van dieselfde rondte met 'n gs vas.

**4e rondte:** 4 ks, * 1 kb tussen kb aan beg van vlg blomblaar, 3 ks *, herh vanaf *, sluit-gs.
**5e rondte:** 1 ks, (1 kb, 3 lb, 1 kb) in 3-ks-sp; (1 kb, 3 lb, 1 kb) in vlg 3-ks-sp, herh rondom. Heg af.

**Klein blom: Beginrondte:** 4 ks, sluit-gs.
**1e rondte:** 1 lb, 1 kb, 1 gs, * 1 kb, 1 lb, 1 kb, 1 gs *; herh rondom.
**2e rondte:** 4 ks, * 1 kb tussen kb, 3 ks *; herh rondom.
**3e rondte:** 1 ks, in 1e 3-ks-sp hekel (1 kb, 3 lb, 1 kb); * 1 kb, 3 lb, 1 kb * in vlg ks-sp; herh rondom, dit lewer 4 blomblare. Heg af.